| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | NOVEMBER 2025 |
| **VAK** | GESKIEDENIS |
| **VRAESTEL** | 2 |
| **PUNTETOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 3 |
| **AANTAL BLADSYE** | 14 |
| **ADDENDUM** | |

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

# AFDELING A

## VRAAG 1: HOE HET PW BOTHA SE REGERING PROBEER OM APARTHEID TE HERVORM OM DIE SWART MEERDERHEID IN SUID-AFRIKA GEDURENDE DIE 1980's TE PAAI?

### BRON 1A

Die bron hieronder is 'n uittreksel uit 'n artikel: *South Africa: PW Botha* deur Dan van der Vat, saamgestel vir die *Mail and Guardian* koerant op 1 November 2006 lank na die dood van PW Botha. Die artikel evalueer Botha se politieke bydrae tot Suid-Afrika.

Botha het almal gou verstom deur apartheid dood te verklaar. “Pas aan of sterf” het sy leuse geword toe hy ongekende “hervorming” voorspel het. Die wêreld het hom voorgestel dat hy diskriminasie sou afskaf toe hy die eerste Suid-Afrikaanse leier geword het wat Soweto, Johannesburg se suid-westelike township besoek het, en meer as enige van sy voorgangers oorsee gereis het. Die verste wat hy egter bereid was om te gaan, was om die groot skeiding in Suid-Afrikaanse politiek te verskuif van tussen wit en nie-wit na tussen nie-swart en swart.

Maar vooruitgang kon nie heeltemal gestuit word nie. Een van die belangrikste veranderinge onder Botha se leierskap was die wettiging van swart vakbonde in 1979 wat swart nywerheidsarbeid 'n stem gegee het. “Klein apartheid” is radikaal verminder ... die onheilspellende wette (sinneloos en nutteloos) wat huwelik en seksuele verhoudings tussen verskillende rasse verbied het, is herroep, die berugte paswette, die Britse nalatenskap wat die bewegings van Afrikane beheer het, en die verbod op swart eiendomsbesit is ook afgeskaf.

Maar residensiële en onderwys-segregasie en rasseklassifikasie is behou. In 1983, onder luid verkondigde grondwetlike hervormingsvoorstelle, is die kleurling- en Asiatiese minderhede hul eie aparte kamers in die parlement gegee. Swart politieke regte is egter in hul stam-“tuislande” soos deur Verwoerd bedink, gevestig. “Groot apartheid het aangepas, maar net sodat dit nie hoef te sterf nie.”

[Bron vanuit: *South Africa: PW Botha - Mail and Guardian, 1 November 2006*. Verkry op 14 November 2024]

**BRON 1B**

Die onderstaande uittreksel is van ’n artikel: *South Africa: Botha’s Reforms*, saamgestel op 21 Mei 1980 deur *African Division Office of Political Analysis* en is op 11 Junie 2010 deur die CIA (Central Intelligence Agency) van die VSA beskikbaar gestel.

Eerste Minister, PW Botha, sterk beïnvloed deur die leiers van sy militêre magte wat glo dat die grootste veiligheidsbedreiging vir Suid-Afrika interne swart ontevredenheid is, is op soek na minder beperkende maatskaplike en ekonomiese beleid om swart beperkendheid te demp. Hy het laat deurskemer dat stedelike swartes moontlik uiteindelik ’n stem binne ’n hersiene grondwetlike raamwerk mag kry wat bedoel is om die huidige stelsel van afsonderlike ontwikkeling van rasse vaartbelyn te maak.

Botha het geglo dat die bestaande sosiale orde nie gehandhaaf kan word tensy ’n stabiele swart stedelike bevolking geskep word nie. Hy wil die irriterendste aspekte van die gewettigde rassediskriminasie verwyder en stedelike swartes meer beheer oor hul eie sake gee en hulle ’n groter ekonomiese belang in die wit gebiede gee. Botha het gehoop om sommige van die meer gefragmenteerde “swart tuislande” in meer lewensvatbare eenhede te konsolideer en is van plan om Kleurlinge van gemengde afkoms ... en Asiërs ’n politieke rol te gee in die wit gebiede waarin hulle woon. Hy het ’n vorm van gemeenskaplike Suid-Afrikaanse burgerskap vir alle rasse voorgehou.

Botha was stadig om sy beloftes na te kom en het tot dusver slegs geringe hervormings bewerkstellig. Die regering het onlangs swart vakbonde die reg gegee om te organiseer en het ’n anachronistiese (aan ’n vroeëre tydperk behoort of gepas) wet verwyder wat swartes verhinder het om geskoolde werkers te word.

Die Eerste Minister het in Februarie met “tuisland”-leiers vergader om ’n gesamentlike regering-tuisland-komitee op die been te bring om gesamentlike benaderings tot die Suid-Afrikaanse dilemma te ondersoek. Binne dae na die Mugabe-oorwinning in Rhodesië het Botha sy planne een stap verder geneem vir ’n ongedefinieërde “raad van state” waarin alle rasse kan deelneem. Vir die eerste keer het hy stedelike swartes in hierdie “raad” ingesluit en sy aankondiging in abstrakte terme verwoord om dié wat na nuwe rigtings soek, aan te moedig.

[Bron vanuit: https://www.cia.gov.docs. Verkry op 12 November 2024]

**BRON 1C**

Die onderstaande bron is 'n artikel deur Chetty, gepubliseer in 2023 getitel: *Walking the Tightrope: The President's Council, PW Botha and the Rhetoric of Reform*. Dit fokus op die instelling van die Driekamer Stelsel van die Parlement in die 1980's.

Die Vyfde Wysigingswet van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika is in 1980 aanvaar. Hierdie wet was 'n beduidende verandering van 'n grondwet wat in 1961 aanvaar is toe Suid-Afrika tot 'n Republiek verklaar is. Dit het die amp van die Visepresident geskep, die Senaat afgeskaf en voorsiening gemaak vir die skepping van 'n Presidentsraad. Die Visepresident sou as voorsitter dien. Ander lede van die Raad moes deur die President aangestel word, 'n termyn van vyf jaar dien en vir hul diens betaal word. Sommige van die kriteria wat moontlike kandidate uitgesluit het, was hul ouderdom, burgerskap en aangewese ras.

Lede van die Presidentsraad moes ten minste dertig jaar oud wees, Suid-Afrikaanse burgerskap hê en as Wit, Indiër, Bruin of Chinees geklassifiseer word. Beide mans en vroue kom in aanmerking (die reg hê) vir aanstelling. 'n Sleutelrol van die Presidentsraad was om die President te adviseer oor enige kwessie wat in die 'openbare belang' is en om wetgewende liggame te adviseer oor 'konsepwetgewing' indien advies benodig word. Om sy raadgewende rol te vervul, is die Raad toegelaat om met enige individu of 'staatsorganisasie' te konsulteer. Die bevindings daarvan sal dan aan die President beskikbaar gestel word wat dit voor die Nasionale Vergadering sal plaas.


Die Presidentsraad het uit vyf komitees bestaan – elk met vyftien lede. Lede is toegelaat om in meer as een komitee te dien. Die komitees was: die Komitee vir Ekonomiese Sake, die Beplanningskomitee, die Grondwetlike Komitee, die Komitee vir Grondwetlike Verhoudinge en die Wetenskapkomitee. Die lede wat deur Botha gekies is, het na bewering 'n 'verteenwoordigende deursnee' van die Suid-Afrikaanse samelewing weerspieël – maar, soos reeds genoem, is Afrikane uitgesluit.

[Bron vanuit: https://scielo.org.za.scielo. Verkry op 14 November 2024]

© SACAI KOPIEREG

**BRON 1D**

Die onderstaande bron is 'n spotprent deur Abe Berry gepubliseer in 1989 deur *Act by Act: A Cartoon History of Apartheid in 1989*. Dit verwys na PW Botha wat die 'hervormingspakket' aan Swart Suid-Afrikaners aanbied.




[Bron vanuit: *Act by Act: Cartoon History of Apartheid by Abe Berry, 1989, Johannesburg.* Verkry op 5 Junie 2025]

**"MOENIE BEKOMMERD WEES OOR DIE KLEIN PAKKIE NIE – KYK NET HOE GROOT EK DIT VIR JOU UITGESPEL HET!"**

**HERVORMING**

## VRAAG 2: HOE HET DIE WAARHEIDS- EN VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) DIE MOORDSAAK VAN DIE CRADOCK VIER HANTEER?

### BRON 2A

Die onderstaande bron is ’n artikel deur Yasmin Sooka: *Cradock Four families Denied the Right to Truth and Justice for 36 years*. Dit is gepubliseer op 27 Junie 2021 en het met die 36ste herdenking van die moord op die Cradock Vier saamgeval.

27 Junie is die 36ste herdenking van die moord op die Cradock Vier. Hul families wag steeds op die vervolging van hul moordenaars. Hulle het by die oproep aangesluit vir ’n onafhanklike kommissie van ondersoek na politieke inmenging met die NVG (Nasionale Vervolgingsgesag) wat die vervolging van apartheid-era moordenaars gestaak het.

Op 27 Junie 1985 het vier anti-apartheid aktiviste van Cradock, Matthew Goniwe, Fort Calata, Sicelo Mhlauli en Sparrow Mkonto van ’n United Democratic Front (UDF)-vergadering in Gqeberha (voorheen Port Elizabeth) na Cradock teruggereis.

Matthew Goniwe, ’n aktivis-onderwyser en prominente gemeenskapsleier in Cradock, het gehelp om ’n skoolstaking in die gemeenskap te organiseer en te ondersteun wat die gemeenskap se sterk weerstand teen die apartheidsregering gekataliseer (versnel ’n reaksie) het.

Fort Calata het ook ’n geskiedenis van aktivisme gehad wat vanuit sy familiegeskiedenis gekom het; sy oupa, James Calata, het van 1936 tot 1949 as Sekretaris-Generaal van die African National Congress (ANC) gedien. Fort, ook ’n onderwyser, het nou saam met Goniwe gewerk. Hul noue samewerking het hulle onder die aandag van die apartheidsveiligheidspolisse gebring wat hul invloed wou verminder, selfs al sou dit hul eliminering beteken.

Sicelo Mhlauli, die skoolhoof van ’n skool in Oudtshoorn, was ook ’n lid van die UDF, net soos Sparrow Mkonto, ’n spoorwegwinkelbestuurder wat ’n senior ampsdraer van die Cradock Inwonersvereniging (CRADORA) geword het en ook die aandag van die veiligheidspolisie getrek het.

Die vier het nooit in Cradock aangekom nie. Hulle is op pad huis toe deur die veiligheidspolisie onderskep, en hul verkoolde oorskot is dae later ontdek.

[Bron vanuit: *The Daily Maverick: Cradock Four Families denied the right to truth and justice for 36 years, 27 Junie 2021*. Verkry op 6 Desember 2024]

**BRON 2B**

Die onderstaande bron is van ’n artikel getiteld: *Goniwe’s killer convinced he would get away with it, TRC hears (Goniwe se moordenaar oortuig hy daarmee sal wegkom hoor WVK)* gepubliseer op 3 Maart 1989 deur Suid-Afrikaanse Persagentskap (SAPA). Dit verduidelik hoe een van die veiligheidspolisiemanne wat die Cradock-Vier uitgewis het, voor die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) getuig het.

’n Veiligheidspolisielid van ’n eenheid wat die Cradock-Vier in 1985 uitgewis het, het Dinsdag beperkte kennis van die mans se organisasie in daardie tyd: die anti-apartheid United Democratic Front getoon.

Eric Alexander Taylor, ’n voormalige polisie luitenant, het voor die Amnestiekomitee van die Waarheids- en Versoeningskommissie in Port Elizabeth getuig. Hy het skuld erken vir die moorde. Hy het gesê die vier aktiviste is doodgemaak omdat hulle as ’n bedreiging vir die land gesien is.

Taylor het gesê hy het dit moeilik gevind om die leierskapstrukture van die UDF en sy geaffilieerdes in die Oos-Kaap te onthou. Hy doen aansoek om amnestie vir die moord in Junie 1985 op UDF-lede Matthew Goniwe, Sparrow Mkonto, Fort Calata en Sicelo Mhlauli.

Die Komitee het reeds van twee ander beamptes wat om amnestie aansoek doen – Nic Janse van Rensburg en Johan van Zyl – gehoor dat die Cradock Vier uitgewis is omdat hulle anargie in die provinsie veroorsaak het.


Toe George Bizos, senior advokaat vir die families van die slagoffers hom vra om die uitvoerende lede van die UDF in Port Elizabeth en Cradock in daardie tyd te noem, kon Taylor dit nie doen nie.

Hy het verduidelik dat hy in daardie tyd die meeste van die UDF-aktiviste en die posisies wat hulle beklee het, geken het, maar intussen vergeet het wie hulle almal was. Taylor, wat verantwoordelik was vir die monitering van aktiviste in die Cradock-omgewing, het dit ook moeilik gevind om die posisies wat Goniwe, Calata en Mkonto in die Cradock Inwonersvereniging beklee het, te beskryf, aangesien die polisie hierdie vereniging ook as ’n bedreiging vir die veiligheid in die gebied gesien het.

[Bron vanuit: SAPAjustice.gov.za Verkry op 5 Junie 2025]

**BRON 2C**

Hierdie plakkaat is gepubliseer in 1998 en is deur die Waarheids- en Versoeningskommissie vervaardig as deel van hulle veldtog om bewustheid te kweek van die WVK se werk en slagoffers aan te moedig om getuienis te lewer. Tans beklemtoon die slagspreuk van die plakkaat die onafgehandelde sake van die WVK.




[Bron vanuit: saha.org.za. Verkry op 9 Desember 2024]

**WAARHEID. DIE PAD NA VERSOENING.**

**waarheids- en versoeningskommissie**

**AS JOU MA GEMARTEL IS**
**JOU PA VERMOOR**
**EN KINDERS ONTVOER**
**SAL JY STILBLY**

**KOM ONS VERTEL MEKAAR. DEUR DIE WAARHEID TE VERTEL. DEUR ONS STORIES VAN DIE VERLEDE TE VERTEL SODAT ONS DIE PAD NA VERSOENING SAAM KAN STAP.**

**BRON 2D**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel uit die *Herald Live* koerant deur Tymol Smit en gepubliseer op 21 Julie 2021. Dit is getitel: *Lukhanyo Calata’s last stand for justice for the Cradock Four*. Dit beklemtoon hoe die Cradock Vier-families gelei deur Lukhanyo Calata reageer het op die Nasionale Vervolgingsgesag (NVG) oor die vertraging van die vervolging van die Staatsveiligheidspolisie vir die moord op die Cradock-Vier.

Calata se woede, verontwaardiging en bitterheid teenoor die demokratiese regering is duidelik in sy 134-bladsy beëdigde verklaring. Die regering waarvoor die Cradock-Vier geveg het, het aanhoudend gefaal om sy beloftes van geregtigheid en afsluiting aan die families van diegene wat in die stryd teen apartheid gesterf het, na te kom.

Sy aansoek lys 17 respondente, insluitend verskeie hoëvlak voormalige lede van die apartheidsregime wat in die Staatsveiligheidsraad (SVR) vergaderings gesit het. Bewyse dui daarop dat besluite hier geneem is wat gelei het tot die moorde op Matthew Goniwe, Fort Calata, Sicelo Mhlauli en Sparrow Mkonto, wat bekend geword het as die Cradock-Vier, op 25 Junie 1985.

Hulle sluit in die voormalige president FW de Klerk, voormalige Minister van Wet en Orde Adriaan Vlok, voormalige Minister van Swart Onderwys Barend du Plessis, voormalige Suid-Afrikaanse Polisiekommissaris Johan van der Merwe en voormalige Direkteur van die Nasionale Intelligensiediens Niel Barnard. Voormalige apartheid ‘superspioen’, Craig Williamson, en voormalige SAP-hoof van Teen-intelligensie, “Krappies” Engelbrecht, is ook op die lys.

Nie een van hulle het om amnestie aansoek gedoen met betrekking tot die moorde op die Cradock Vier nie, en die Waarheids- en Versoeningskommissie (WVK) het nooit enigeen van hulle oor hul beweerde betrokkenheid by die gebeure wat tot die moorde gelei het, uitgevra nie. Dit was ten spyte van bewyse wat tydens die 1994-verhoor van die geregtelike doodsondersoek wat regter Neville Zietsman gelei het, aangebied is en daaropvolgende getuienis deur agt voormalige veiligheidsmagslede wat om amnestie aansoek gedoen het en meestal deur die WVK geweier is.

[Bron vanuit: *Herald Live, 21 July 2021.* Verkry op 9 Desember 2024]

## VRAAG 3: WAT IS DIE GLOBALE KWESSIES WAT DEUR DIE G20 IN DIE 21$^{STE}$ EEU AANGESPREEK WORD?

### BRON 3A

Die onderstaande uittreksel is uit *Briefing Paper 16/2011, The G20: Its Beginnings and Composition*, gepubliseer in 2011 deur die Duitse Ontwikkelingsinstituut (DOI).

Die ministers van finansies by die G7-beraad in Keulen in Junie 1999 het die stigting van die G20 aanbeveel om die internasionale finansiële argitektuur (struktuur) te versterk. Die G20 is gevolglik in Desember 1999 gestig as ’n gereelde forum vir ministers van finansies en sentrale bankgoewerneurs. Die G20 is verder in waarde verhoog toe staatshoofde en regeringsleiers vir die eerste keer by die G20-beraad in Washington in November 2008 vergader het om die wêreldwye ekonomiese en finansiële krisis te hanteer. Die G20 het sodoende die sleutelforum geword vir die belangrikste nywerheids- en opkomende lande om groot kwessies oor internasionale geldeenheid- en finansiële beleid, sowel as ander globale uitdagings te bespreek.

Die G20 is ’n groep van ministers van finansies en sentrale bankgoewerneurs en, sedert 2008 vergader leiers van 19 lande: Argentinië, Australië, Brasilië, Kanada, China, Duitsland, Frankryk, Indië, Indonesië, Italië, Japan, Mexiko, Rusland, Saoedi-Arabië, Suid-Afrika, Suid-Korea, Turkye, die Verenigde Koninkryk en die VSA jaarliks. Die Europese Unie (G7) is die 20$^{ste}$ lid, verteenwoordig deur die Presidente van die Europese Kommissie en die Europese Sentrale Bank. Sommige ex officio (uit die kantoor) lede neem ook deel aan G20-vergaderings om samewerking met internasionale forums en instellings te ondersteun. Dit sluit die Besturende Direkteur van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF), die President van die Wêreldbank en van die IMF se Ekonomiese en Finansiële Komitee, asook die gesamentlike Wêreldbank IMF Ontwikkelingskomitee in.

[Bron vanuit: *Briefing Paper 16/2011 (DIE)*. Verkry op 11 Desember 2024]

**BRON 3B**

Die onderstaande bron is geneem uit ’n artikel: *2024 Rio de Janeiro Summit* gepubliseer op 10 Julie 2024. Dit verduidelik die prioriteite en agenda van die beraad.

Die G20-beraad van 2024 in Rio de Janeiro was die negentiende vergadering van die Groep van Twintig (G20), … gehou by die Museum van Moderne Kuns in Rio de Janeiro vanaf 18-19 November 2024. Dit was die eerste G20-beraad wat in Brasilië gehou is. Verder was dit die eerste volle beraad waar die Afrika-unie as ’n lid deelgeneem het, nadat dit tydens die vorige beraad in 2023 ingesluit is.

G20 Brasilië het drie hoofprioriteite vir die G20-dialoog in 2024 gestel:

- Maatskaplike insluiting en die stryd teen honger.
- Energie-oorgang en volhoubare ontwikkeling in sy maatskaplike, ekonomiese en omgewingsaspekte.
- Hervorming van die wêreldwye bestuursinstellings.

Toe hy die G20-lande in Indië op 10 September 2023 toegespreek het, het Lula die stigting van die Werkgroep vir Globale Mobilisering teen Klimaatsverandering aangekondig, met die doel om inkomste te genereer en ongelykhede te verminder vir mense wat deur klimaatsverandering geraak word. ’n Ander fokus van die Brasiliaanse presidensie was om omvattende hervorming van wêreldinstellings soos die Wêreldbank, Internasionale Monetêre Fonds en Wêreldhandelsorganisasie te bepleit, benewens die hervorming van die Verenigde Nasies se Veiligheidsraad om die verteenwoordiging en invloed van die Globale Suide op die wêreldverhoog te versterk.

Die Brasiliaanse presidensie het die G20 Sosiaal van stapel gestuur, ’n ruimte waar die organisasie vir die eerste keer die burgerlike samelewing by die debat sal betrek sodat hulle tot besprekings en beleidsformulerings met betrekking tot die beraad kan deelneem en bydra.

[Bron vanuit: https://www.cfr.org/backgrouner/what-does-g20-do=:~:text. Verkry op 11 Desember 2024]

© SACAI KOPIEREG

**BRON 3C**

Die onderstaande bron is ’n uittreksel uit ’n artikel genoem: *G20 Presidency* gepubliseer op 4 November 2024. Dit stel Suid-Afrika se doelwitte wanneer Suid-Afrika die presidensie van 1 Desember 2024 oorneem bekend.

Suid-Afrika neem die G20-presidensie vanaf 1 Desember 2024 tot November 2025 oor, ongeveer vyf jaar voor die sperdatum van die Verenigde Nasies (VN) se 2030-Agenda.

Suid-Afrika se G20-presidensie vind plaas terwyl die wêreld met ’n reeks oorvleuelende en wedersydse versterkende krisisse, insluitend klimaatsverandering, onderontwikkeling, ongelykheid, armoede, honger, werkloosheid, tegnologiese veranderinge en geopolitieke onstabiliteit gekonfronteer word. Die VN se sekretaris-generaal, mnr. António Guterres, het die dringendheid van die situasie beklemtoon tydens die bekendstelling van die spesiale uitgawe van die Volhoubare Ontwikkelingsdoelwitte (VOD’s) vorderingsverslag op 25 April 2023. Hy het met kommer daarop gewys dat slegs 12% van die VOD-teikens tans op koers is, met ongeveer 50% wat meer beduidende vordering benodig, en meer as 30% van die VOD’s wat óf gestagneer het óf agteruitgegaan het. Om die 2030-VOD’s te bereik, moet die komende G20-presidensiepe ’n paradigma-verskuiwing aanmoedig en die implementering van praktiese oplossings versnel.

Om die wêreldwye polikrisis aan te pak, het Suid-Afrika die tema “Solidariteit, Gelykheid, Volhoubaarheid” vir sy G20-presidensie aanvaar. Die hoëvlak-lewerings en prioriteite onder hierdie tema vorm die kern van die oorspronklike G20-mandaat om Sterk, Volhoubare en Gebalanseerde, Inklusiewe groei te bevorder.


Deur solidariteit kan ons ’n inklusiewe toekoms skep wat op mense gesentreer is … Deur gelykheid te bevorder, kan ons daarna streef om billike behandeling en gelyke geleenthede vir alle individue en nasies te verseker, ongeag hul ekonomiese status, geslag, ras, geografiese ligging of enige ander kenmerk. Volhoubaarheid behels om die behoeftes van die hede aan te spreek sonder om die vermoë van toekomstige geslagte om hul behoeftes te bevredig, in gedrang te bring.

Die Brasiliaanse presidensie het die G20 sosiale ruimte van stapel gestuur waar die organisasie vir die eerste keer die burgerlike samelewing by die debat sal betrek, waar hulle kan deelneem en bydra tot besprekings en beleidsformulerings tydens die beraad.

[Bron vanuit: https://g20.org-south-africa. Verkry op 11 Desember 2024]

**BRON 3D**

Die onderstaande bron is 'n spotprent deur Ajit Ninan getiteld: *Just Like That* gepubliseer op 3 Desember 2023. Dit beeld die G20-presidensie van 2023 en hulle fokus uit.




[Bron vanuit: *The Times of India newspaper, 3 December 2023*. Verkry op 6 Junie 2023]

NET SOOS DIT

EENHEID
ENERGIE
KLIMAAT
HANDEL
VOEDSEL

G20 PRES

RUSLAND

SUID-AFRIKA

VSA

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende verkry:

- Berry A, Act by Act: 40 Years of National Party Rule in South Africa (1989) Johannesburg, Lowry Publishers.
- Briefing Paper 16/2011 (DIE).
- https:// unfinishedtrc.co.za.the – Cradock – four.
- https://g20.org-south-africa.
- https://scielo,org.za.scielo.
- https://www.cfr.org/backgrouner/what-does-g20-do=:~:text
- https://www.cia.gov.docs.
- Mail and Guardian: South Africa: PW Botha, 1 November 2006.
- Saha.org.za.
- The Daily Maverick, 27 June 2021.
- The Herald Live, 21 July 2021.
- The Times of India, 3 December 2023.